ONRUSRIVIER KANTOOR
Posbus 590, Onrusrivier. 7201
Tel. & Faks.: 028 316 3870
Sel.: 083 301 6937
E-pos: caeo@maxitec.co.za

PAARL KANTOOR
Posbus 2655, Paarl. 7620
Faks.: 086 243 4478
Sel.: 082 698 8216
E-pos: caeo2@maxitec.co.za

KAW KAAPSE AGRI WERKGEWERSORGANISASIE
www.caeo.co.za

# NUUSBRIEF Maart 2015

*Sommige lede het reeds klaar ge-oes, ander staan einde se kant toe, terwyl sommige nog 'n pad het om te loop. Ons vertrou dat dit goed verloop het/sal loop. Intussen sit ons met wetgewing en beleid wat bly verander. Ons onderneem om lede op hoogte te hou so vêr moontlik. Die nuwe reels mbt. "tydelike werk" tree op 1 April in werking en lede moet paraat wees – ons het in Januarie 2015 daaroor berig. Skakel ons gerus indien hulp verlang word. Die nuwe BBBEE Kodes tree ook op 1 April in werking. Ons berig hieronder oor verwikkelinge. Verder berig ons in hierdie uitgawe oor ons Jaarlike Arbeidskonferensie met **Max du Preez** as hoofspreker, en oor die baie interessante uitslag van ons Blitsopname oor behuising.* .

## B-BBEE

Hoewel die gewysigde B-BBEE Kodes in werking tree op 1 April 2015, het die reëlings- komitee wat die AgriBEE Kode moet finaliseer nog nie naastenby hulle werk afgehandel nie en word hulle voorstelle eers aan die einde van April 2015 verwag, waarna 'n openbare deelname-proses nog moet volg. Ons inligting is dat die AgriBEE Kodes eers teen middel Julie 2015 gereed sal wees vir publikasie en implementering. Sodra die voorstelle gepubliseer word sal ons 'n spesialis kontrakteer om lede volledig dmv. 'n Nuusbrief in te lig.

Intussen bly alle bemagtigingstatus-sertifikate geldig tot elkeen se vervaldatum, en gaan dit nie sin maak om nou te probeer om nuwe telkaarte te probeer voorberei nie.

## Arbeidskonferensie en Jaarvergadering

Aangeheg as bylaag is besonderhede van die baie interessante program wat ons vanjaar by ons Arbeidskonferensie aanbied. Meeste van ons sukkel om sin te maak van die vinnig veranderende politieke klimaat en hoe die ekonomie, en veral landbou, daardeur geraak gaan word. Mens gaan moeilik twee sprekers kry wat beter toegerus is om dié kwessies toe te lig as juis Max du Preez en Prof Nick Vink, en lede word aangemoedig om die Konferensie nie mis te loop nie. Die Konferensie vind plaas op **20 Mei 2015** te **Nelson Wine Estate** op die R44 (Agter Paarlpad) tussen die Paarl en Windmeul. Die plaas is baie maklik bereikbaar van alle rigtings. Voltooi asb net die aangehegte registrasievorm en faks of e-pos dit aan **086 243 4478 of caeo2@maxitec.co.za**

## Blitsopname is. Behuising

Die data wat ons versamel het met ons opname het ons met baie interessante gevolgtrekkings gelaat, en het grootliks bevestig wat landbou verwag het die resultaat van ondeurdagte wetgewing en styging in minimum lone sou wees. Die opname het gekyk na hoe die poel van werker woonhuise op plase die afgelope vyf jaar verander het, en saam met dit hoe die totale werksmag verander het ná die kwaai styging in minimum lone, maw. die afgelope twee jare. Die belangrikste bevindings is (met dank aan die deelnemers):

Die getal werker woonhuise op plase (1663 in totaal) het min of meer konstant gebly, ten spyte daarvan dat die totale arbeidsmag die afgelope twee jaar met bykans 25% gegroei het. 80% van respondente het aangedui dat hulle nie meer huise op hulle plase gaan bou nie, terwyl 57% aangedui het dat hulle minder gebruik wil maak van behuising op die plaas. Die tendens is duidelik!

Slegs 34% van deelnemers het die afgelope 5 jaar aansoek gedoen om uitsettingsbevele, wat slegs 2% van beskikbare huise raak. Slegs 28% van die aansoeke was suksesvol, 28% was nie suksesvol nie, terwyl 44% nog hangende is. Die gemiddelde regskoste per aansoek was R13607 en die gemiddelde tydsduur 12.5 maande. In slegs 59 gevalle is huise vrywillig ontruim – dié syfer kom verdag voor. Wat kommer wek is dat 294 huise (17.6% van die totaal) nie 'produktief' benut kan word nie omdat dit beset word deur mense wat nie meer op die plaas werk.

Sedert die dramatiese verhoging in minimum lone twee oesjare gelede het deelnemers se totale werksmag gegroei met bykans 25%. Die syfer vir permanente werkers is egter slegs 3.4% hoër terwyl die syfer vir seisoenswerkers met 65.0% geklim het! Die voorspelde omswaai van permanente werk na tydelike werk het toe gematerialiseer!

27 Maart 2015

# GELEENTHEID VAN SPESIALE BELANG VIR PRODUSENTE & ANDER BELANGSTELLENDES!!

*Die Kaapse Agri Werkgewersorganisasie (KAW) maak met genoë die aanbied van sy agste **KONFERENSIE oor AKTUELE LANDBOU ARBEIDSAKE** bekend. Soos in die verlede beloof dit om weer 'n móét te wees vir produsente en alle rolspelers in landbou. Vroeë registrasie is noodsaaklik om teleurstelling te voorkom.*

Besonderhede is as volg:

*Datum:* Woensdag **20 Mei 2015**
*Tyd:* **10:00 tot ± 13:00** (Registrasie en koffie/tee vanaf **09:30**)
*Plek:* **Nelson Wine Estate** (Mountain View-lokaal), by Windmeul, 'n paar kilometers buite die Paarl op die R44 (Agter Paarl-pad).

***Sprekers:***

- **Max du Preez:** Die baie bekende politieke kommentator en joernalis: *"Hoe ek die toekoms van die politiek, die ekonomie en die landbou sien".*
- **Prof Nick Vink**: Landbou Ekonoom van US: ♦ *"Is die Nasionale Ontwikkelingsplan nog Regerings-beleid, en hoe moet produsente hulleself strategies posisioneer tov. 'n immer veranderende beleidsomgewing?"*
- Alg Jaarvergadering: *Die verrigtinge word afgesluit met enkele formaliteite vir die Jaarvergadering*.

*Die bywoningsfooi vir opbetaalde lede is 'n gesubsidieërde R400 per persoon (ook vir personeel van lede), terwyl die fooi vir ander belangstellendes R800 is. Gebruik die aangehegte registrasievorm vir besprekings **en betaal vooraf** - faks 086 243 4478, sel 082 698 8216 of e-pos caeo2@maxitec.co.za**.** Daar is plek slegs vir 150 gaste en tydige bespreking en registrasie is noodsaaklik.*

Die fooi sluit elektroniese kopië van die materiaal oor die aanbiedings in, en afgesien van oggend koffie en tee sal heerlike warm eetgoed en verversings etenstyd voorsien word.

---ooOoo—

# OPPORTUNITY OF SPECIAL IMPORTANCE FOR PRODUCERS & OTHER INTERESTED PARTIES!!

*The Cape Agri Employer's Organisation (CAEO) is pleased to announce the hosting of its eigth **CONFERENCE on TOPICAL AGRICULTURE LABOUR MATTERS.** As in the past it again promises to be a must for producers and all role players in agriculture. Timeous registration is necessary to avoid disappointment.*

Details are as follows:

*Date:* Wednesday **20th May 2015**
*Time:* **10:00 to ± 13:00** (Registration and coffee from **09:30**)
*Venue:* **Nelson Wine Estate** (Mountain View venue), a few kilometres outside Paarl on the R44 (Agter Paarl Road).

*Speakers:*

- **Max du Preez:** Well-known journalist and political commentator**:** *"How I see the future of politics, the economy and agriculture".*
- **Prof Nick Vink:** Agricultural Economist, US: *"Is the National Development Plan still government policy, and how should producers position themselves strategically within a constantly changing policy environment?" .*
- Annual Gen Meeting: *The proceedings will be concluded with certain brief formalities for the AGM.*

*The attendance fee for paid-up members is a subsidised R400 per person (also for staff of members), while the fee for any other interested person is R800. Use the attached registration form for reservation and **pay in advance** – fax 086 243 4478, cell 082 698 8216, or e-mail caeo@maxitec.co.za. There is room for only 150 guests and timeous booking is essential.*

KONFERENSIE OOR AKTUELE ARBEIDSAKE IN LANDBOU: 20 Mei 2015

CONFERENCE ON TOPICAL AGRICULTURE LABOUR MATTERS: 20 Mei 2015

Nelson Wine Estate, R44 Pad/Road, Paarl.

# REGISTRASIEVORM - REGISTRATION FORM

Afgevaardigde se naam en van / Name and surname of representative:

1. ………………………………………………………………………………

2. ………………………………………………………………………………

3. ………………………………………………………………………………

4. ………………………………………………………………………………

Organisasie / Organisation: ……………………………… Lidnr./ Memb. no: ………

*Die registrasiefooi vir **opbetaalde** lede en hul werknemers is **R400** per persoon, terwyl die fooi vir alle ander persone **R800** per persoon is. Om toegang te verseker moet registrasiefooie vóóraf betaal word, en betalingsbewyse per e-pos gestuur word aan caeo2@maxitec.co.za, of gefaks word na 086 243 4478.*

*The registration fee for **paid up** members and their employees is **R400** per person, while the fee for any other person is **R800** per person. To ensure admission registration fees need to be paid in advance, and payment advices sent by e-mail to caeo2@maxitec.co.za, or faxed to 086 243 4478.*

*Ons bankbesonderhede is: / Our banking details are:*

| | |
|---|---|
| ***Rek. Naam/ Acc. name:*** | **Kaapse Agri Werkgewersorganisasie** |
| ***Bank:*** | **Nedbank,** |
| ***Tak/branch:*** | **Hermanus: 198 765** |
| ***Rekeningnommer/ Account number:*** | **1470 0280 50** |

**NB:**
Hierdie dien ook as kennisgewing vir die Alg Jaarvergadering. Een van die formaliteite tydens die Alg Jaarvergadering is die verkiesing van 'n Uitvoerende Komitee. Opbetaalde lede het die reg om nominasies hiervoor in te dien. Vermeld enige nominasies in die spasie hieronder:

*This also serves as notice of the Annual Gen. Meeting. One of the formalities during the Annual Gen. Meeting will be the election of an Executive Committee. Paid-up members are entitled to make nominations if they so wish. Please use the space below for your nomination:*

Nominasie/-tion: ……………………………………………………………………………..

Huidige UK/Present EXCO: Francois Malan, Estelle Engelbrecht, Suzie Mudge, Blackie Swart, Albert Rust, en Neil Hamman.